# LAERSKOOL ELARDUSPARK
# MERIETE BELEID

## INLEIDING

Laerskool Elarduspark glo dat elke leerder wat Akademie, Sport en Kultuur in die kleure van die skool beoefen, daarvoor erkenning moet ontvang. Neem asb kennis dat daar vanaf 2026 geen toekennings gemaak word vir eksterne sport of kultuur aktiwiteite nie. Tydens die Meriete-geleentheid sal leerders slegs erkenning ontvang vir skoolgebaseerde aktiwiteite. Die meriete proses word hieronder breedvoerig uiteengesit.

## ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS TOEKENNINGS GEMAAK WORD

- ‘n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit
- ‘n Ster is ‘n spesiale toekenning
- Wanneer ‘n leerder kleure/diploma verwerf kan hy/sy ‘n balkie aankoop
    - Eerste balkie: Geel
    - Tweede balkie: Silwer
    - Derde balkie: Goud
- Die Meriete Beleid word jaarliks hersien
- Die Meriete Beleid sal aangepas word indien daar ‘n wêreld pandemie uitbreek sodat geen leerder benadeel word nie
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die Meriete Beleid opgeneem is nie, sal op meriete deur die komitee oorweeg word, met inagneming van die algemene riglyne
- Die Meriete komitee bestaan uit die Hoof, Organiseerder en betrokke personeel verbonde aan die sport, kultuur of akademie
- Die finale beslissing t.o.v. toekennings berus by die onderskeie Meriete komitees
- Leerders wat van ‘n ander skool aansluit by die leerderkorps van Laerskool Elarduspark se rekord sal voorgelê word aan die onderskeie Meriete komitees vir oorweging en die nodige erkenning sal gegee word. Let wel dat toekennings gemaak word volgens die Meriete Beleid van Laerskool Elarduspark.

## INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Akademiese Meriete | Bl 2 |
| Kultuur Meriete | Bl 7 |
| Sport Meriete | Bl 18 |

## AKADEMIESE MERIETE BELEID

### 1. DOEL VAN AKADEMIE

Daar word ‘n hoë premie geplaas op akademie by Laerskool Elarduspark. Leerders word van ‘n jong ouderdom af gemotiveer om akademies te presteer. Die doel van meriete toekennings is om uitsonderlike akademiese prestasies te erken, te beloon en leerders of individue te motiveer om voortdurend na uitnemendheid te streef. Dit dien as positiewe versterking, bou selfvertroue en moedig trots in werk en volgehoue hoë prestasie aan

### 2. STRUKTURE

#### 2.1 MERIETE-KOMITEE

Die Meriete-komitee bestaan uit die Skoolhoof, die Akademiese Adjunkhoof, onderskeie Vakhoofde en Departementshoofde.

#### 2.2 KOÖRDINEERDERS

**Grondslagfase**

Me Rachel Joubert: Gr. 1 - 3

**Intermediêre- en Seniorfase**

Me Rentia Fourie (Gr. 4 en 5) en Me Erika Möller (Gr. 6 en 7)

### 3. TOEKENNINGS

Leerders van Laerskool Elarduspark word beloon vir goeie akademiese prestasies. Die gemiddeld soos aangedui op die leerder se rapport word gebruik as maatstaf. Akademiese meriete word toegeken met inagneming van al 4 kwartale se gemiddelde prestasie, behalwe vir Graad 4 waar slegs kwartaal 2, 3 en 4 se punte in aanmerking geneem word.

Alle formele assesserings maak deel uit van die akademiese meriete. Leerders wat in aanmerking wil kom vir erkenning moet dus alle formele assesserings aflê. Punte word tot by die tweede desimaal in ag geneem. Grens- en of meriete- gevalle sal op ‘n individuele basis bespreek word deur die Akademiese Meriete Komitee.

### 4. ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS AKADEMIESE TOEKENNINGS GEMAAK WORD.

**Toekennings in Grondslagfase**

In die Grondslagfase ontvang elke leerder ’n Sertifikaat van Verdienste. Die toekenning wat die leerder ontvang is vir die vak waarin hy/sy die beste presteer het. In sommige gevalle kan ’n leerder vir meer as een vak ’n toekenning ontvang, dit word egter saam op een sertifikaat aangedui.

**Toekennings in Intermediêre- en Seniorfase (Gr. 4 - 7)**

- ’n **Silwer sertifikaat** vir ’n gemiddelde % van 74,5% tot 79,4% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- ’n **Goue sertifikaat** vir ’n gemiddelde % van 79,5% tot 84,4% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- ’n **Medalje en ’n diploma** vir ’n gemiddelde % van 84,5% tot 100% vir kwartaal 2 tot 4 in dieselfde jaar vir Gr 4.
- ’n **Medalje en ’n diploma** vir ’n gemiddelde % van 84,5% tot 100% vir al vier kwartale in dieselfde jaar vir Gr 5 - 7.
- ’n **Sertifikaat van Verdienste** word toegeken vir leerders wat ’n 10% verbetering op hulle gemiddelde kwartaallikse % toon en daardie % handhaaf.
- Indien ‘n leerder nie sou slaag en gekondoneer is deur die DBO voldoen hy/sy nie aan die kriteria om bogenoemde toekenning te ontvang nie.
- Die top 20 akademiese presteerders sal in kwartale 2 en 3 alfabeties aangekondig word vir Gr. 4
- Die top 20 akademiese presteerders sal in kwartale 1, 2 en 3 alfabeties aangekondig word vir Gr. 5 en 6.
- Die top 20 akademiese presteerders sal in kwartale 1, 2 en 3 in stygende prestasie orde aangekondig word in Gr. 7.
- Gr. 4 Top-**tien** word alfabeties aangekondig tydens die meriete-aand vir die gemiddelde prestasie van kwartaal 2, 3 en 4.
- Gr. 4 Top-**tien** word alfabeties aangekondig tydens die meriete-aand vir die gemiddelde prestasie van kwartaal 2, 3 en 4.
- Gr. 5 en 6 Top-**tien** word alfabeties aangekondig tydens die meriete-aand vir die gemiddelde prestasie van kwartaal 1, 2, 3 en 4
- Gr. 7 Top-tien word volgens akademiese prestasie aangekondig tydens die meriete-aand volgens die gemiddelde prestasie van kwartaal 1, 2, 3 en 4

**Uitstaandede akademiese prestasies**

- In Gr. 7 word ’n ere-penning toegeken aan leerders wat ’n Vlak-7 behaal (79,5%+) in alle vakke in al 4 kwartale in dieselfde jaar.
- In Gr. 7 word ’n Dux-leerder aangewys – dit is die leerder wat algeheel die beste akademiese prestasie in die graad behaal het na al 4 kwartale se punte in ag geneem is. Hy/sy ontvang ’n goue sertifikaat en ’n **spesiale** ster.
- In Gr. 7 ontvang die beste presteerder in elke vak ’n trofee en ’n goue sertifikaat. Die leerder wat in aanmerking kom vir die toekenning moes al die formele toetse geskryf het (Kwartaaltoetse sowel as eksamen).
- Om ‘n ere-penning of vaktoekenning te ontvang of in aanmerking te kom vir die Dux-toekenning moet ‘n leerder gedurende die 4 kwartale al die formele assesserings van Laerskool Elarduspark voltooi het.

**Addisionele inligting aangaande Akademiese Toekennings**

Om in aanmerking te kom vir die akademiese meriete en toekennings, moet ‘n leerder al die formele assesserings voltooi het. Dit sluit in eksamens, kwartaaltoetse, formele take en projekte, praatjies en skryfwerk.

Indien ‘n leerder afwesig is vir persoonlike redes bv. vakansie, familie byeenkomste, sport of kultuur aktiwiteite, afwesigheid a.g.v. dood van ‘n naby familielid, of die belewenis van trauma moet die leerder die sieketoets skryf. Indien die leerder vir watter rede ookal nie die sieketoets kan skryf nie, sal hierdie leerder hom/haarself diskwalifiseer vir akademiese meriete en ook nie as deel van die Top 10/20 van die graad aangewys kan word nie.

## 5. OLIMPIADES

Olimpiades wat aangebied word deur die Departement van Onderwys en/of goedgekeurde instansies sal in ag geneem word. Indien ‘n Olimpiade slegs oor een rondte beskik sal toekennings gemaak word op grond van prestasie:

| | |
|---|---|
| Sertifikaat van verdienste: | 60% - 70% |
| Goue sertifikaat: | 70% - 80% |
| Diploma vir Olimpiade: | 80%+ |
| Klein Ster: | 1ste of 2de plek vir die betrokke olimpiade |

Indien die Olimpiade strek ook verskeie rondtes sal toekennings soos volg gemaak word op grond van prestasie:

| | |
|---|---|
| Neem deel aan die Olimpiade en behaal 60% - 70% | Sertifikaat van verdienste |
| Dring deur na die finale rondte | Goue sertifikaat |
| Behaal ‘n 1ste tot 5e plek tydens die finale rondte | Diploma |
| Behaal ‘n 2de plek | Diploma en klein ster |
| Behaal ‘n 1ste plek | Diploma en groot ster |

## 6. WETENSKAP EKSPO

Ons glo dat die aanleer van die wetenskaplike metode om navorsing te doen ‘n vereiste is vir toekomstige studies en die voordele daarvan vir die individu op akademiese vlak is verrykend.

Laerskool Elarduspark gee die geleentheid vir leerders om aan die volgende Wetenskap Ekpo Kompetisies deel te neem:

- Interne Wetenskap Ekspo
- Noord -Gauteng Wetenskap Ekspo
- ESKOM Wetenskap Ekspo

**Die volgende toekennings word vir Wetenskap Ekspo gemaak:**

**Interne Wetenskap Ekspo**

Goud: Sertifikaat van verdienste

**Noord-Gauteng Ekspo / ESKOM Wetenskap Ekspo**

| | |
|---|---|
| Goud: | Diploma (Kleure) |
| Silwer: | Goue sertifikaat |
| Brons/Meriete: | Silwer sertifikaat |

**Nasionale Wetenskap Ekspo/Nasionaal ESKOM Wetenskap Ekspo**

| | |
|---|---|
| Nasionale deelname: | Klein ster |
| Vier jaar deelname aan Noord-Gauteng: | Klein ster |
| Goud by Nasionaal: | Groot ster |

- Leerders kan slegs een meriete toekenning per jaar ontvang.
- Indien ‘n leerder kwalifiseer vir twee van die toekennings genoem hierbo, sal die hoogste toekenning gemaak word tydens die meriete geleentheid.

## 7. ROBOTIKA

Die volgende kompetisies word in ag geneem vir die toekenning van meriete:

**Klofie Kompetisie**

1ste plek – sertifikaat van verdienste

**Robothon**

| | |
|---|---|
| Goud: | Diploma |
| Silwer: | Goue sertifikaat |
| Brons/Meriete: | Silwer sertifikaat |

**Robotfest**

| | |
|---|---|
| 1ste Plek: | Diploma |
| 2de Plek: | Goue sertifikaat |
| 3de Plek: | Silwer sertifikaat |

**WRO**

| | |
|---|---|
| 1ste Plek: | Diploma |
| 2de Plek: | Goue sertifikaat |
| 3de Plek: | Silwer sertifikaat |
| Dring deur na SA’s: | Diploma (Kleure) |

**First Lego league**

Deelname aan Streekskompetisie

| | |
|---|---|
| 1ste Plek: | Diploma |
| 2de Plek: | Goue sertifikaat |
| 3de Plek: | Silwer sertifikaat |
| Deur dring na SA`s: | Diploma |
| Eerste plek nasionaal: | Diploma en ‘n Groot ster |
| Afdelingswenners: | Goue sertifikaat |

**First Lego League junior**

Sertifikaat van verdienste

**Let asseblief op die volgende**

- Leerders kan slegs een meriete toekenning per jaar ontvang.
- Indien ‘n leerder kwalifiseer vir twee van die toekennings genoem hierbo, sal die hoogste toekenning gemaak word tydens die meriete geleentheid.
- Vir vier jaar deelname aan Robotika kompetisies ontvang leerders ‘n klein ster

## 8. BLOU STER TOEKENNING

Die Blou Ster toekenning is ‘n top toekenning wat gemaak word, slegs in uitsonderlike gevalle. Hierdie toekenning is slegs van toepassing op graad 7-leerders

Om die toekenning te verwerf moet die Gr. 7 leerder binne een kalenderjaar aan die volgende kriteria voldoen:

| | |
|---|---|
| **AKADEMIE:** | Medalje wenner (gemiddeld van 85% en hoër) |
| **LEIERSKAP:** | Verkies word tot die Leierkorps van Laerskool Elarduspark |
| **SPORT:** | Verwerf Provinsiale of Nasionale kleure vir ‘n interne sportsoort aangebied deur Laerskool Elarduspark |
| **KULTUUR:** | Verteenwoordig Laerskool Elarduspark op Provinsiale/Nasionale vlak in ‘n interne kultuuraktiwiteit aangebied deur L/s Elarduspark |

Die leerder wat die toekenning verower, ontvang ‘n spesiale trofee wat sy/haar persoonlike besit word.

## KULTUUR MERIETE BELEID

### 1. DOEL MET KULTUUR DEELNAME

Ons Visie by Laerskool Elarduspark is “Die skool waar leerders toegerus word”. Ons doelwit is om aan soveel leerders moontlik blootstelling aan ‘n verskeidenheid kultuuraktiwiteite te bied. Laeskool Elarduspark bied ‘n verskeidenheid van 9 Kultuuraktiwiteite jaarliks aan en bevorder massa deelname elke 3 jaar met die skoolkonsert. Slegs Kultuurprestasies binne skoolverband word in berekening gebring vir meriete toekennings.

### 2. KULTUUR STRUKTURE

#### 2.1 KULTUUR KOÖRDINEERDERS

**Kultuurhoof:** **Me H Barkhuizen**

**Kultuurorganiseerder:** **Me E Eloff**

Die volgende personeel is die koördineerders van die verskeie kultuur aktiwiteite wat deur die skool aangebied word:

| Aktiwiteit | Personeellid | E-pos adres |
|---|---|---|
| Seniorkoor | Me L Smit | lsmit@lardies.co.za |
| Juniorkoor | Me C de Bruin | cdebruin@lardies.co.za |
| Redenaars | Me E du Plessis | eduplessis@lardies.co.za |
| Bybelvasvra | Me E Möller | emoller@lardies.co.za |
| Algemene Kennis | Me A van Niekerk | avniekerk@lardies.co.za |
| Multi-Mediaklub | Me L Viljoen | laskaviljoen@lardies.co.za |
| Toneelklub | Me C de Klerk | coosthuizen@lardies.co.za |
| Musieksentrum | Mnr A Scobbie | musieksentrum@lardies.co.za |
| Kuns | Me J de Koning | Nitadek@yahoo.com |

#### 2.2 MERIETE KOMITEE

Die Meriete Komitee bestaan uit die Skoolhoof, die Kultuurhoof, die Kultuurorganiseerder, sowel as al die organiseerders van die verskillende kultuuraktiwiteite soos hierbo genoem. Die Meriete Komitee gee die finale goedkeuring vir alle toekennings en het die diskresie om spesiale toekennings te maak (soos bv. die ontvangers van sterre en trofeë).

Die Kultuur Komitee hanteer elke leerder se prestasies volgens ‘n Interne prosedure Beleid en die Kultuur Meriete Beleid en bepaal die finale punte en die toekennings wat elke leerder sal ontvang.

**Die volgende personeel is verantwoordelik vir die spesifieke grade:**

| **Personeellid** | **Groepering** |
|---|---|
| Me C Smit | Gr 1 |
| Me C de Bruin | Gr 2 |
| Me M Marais | Gr 3 |
| Me E du Plessis | Gr 4 & 5 |
| Me L Smit | Gr 6 & 7 |
| Me E Eloff | Kultuurorganiseerder |

## 3. ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS KULTUUR TOEKENNINGS GEMAAK WORD

Prestasies van interne aktiwiteite word deur die organiseerders / afrigters bereken. Alle toekennings word deur die Kultuurkomitee van die skool toegeken, maar behou ook die reg voor om veranderinge aan te bring soos wat geleenthede opduik of leerders presteer. Die toekenning wat die komitee maak, is finaal.

Die volgende kriteria is van toepassing:

- Die punte word bereken volgens 'n glyskaal wat elke jaar deur die Meriete Komitee hersien word.
- Punte van kultuuraktiwiteite en -prestasies binne skoolverband word gedurende die spesifieke jaar opgebou om in aanmerking te kom vir toekennings.

## 4. KULTUUR TOEKENNINGS

Die volgende toekennings kan gemaak word na gelang van die aantal punte wat verwerf is:

| **KULTUUR TOEKENNINGS** | |
|---|---|
| Sertifikaat van Verdienste | Minimum van 20 punte |
| Kleure (Diploma & Balkie) | Minimum van 40 punte |
| Klein Ster (Diploma & Balkie) | Word gespesifiseer by spesiale toekennings onder aktiwiteite |
| Groot Ster (Diploma & Balkie) | Word by spesiale toekennings gespesifiseer<br>Minimum van 100 punte vir 'n afdeling OF<br>Minimum van 100 punte vir kultuur in geheel |
| Super Ster | Hierdie toekenning word slegs gemaak op aanbeveling van die komitee wanneer 'n leerder uitsonderlik presteer in 'n kultuuraktiwiteit |
| Trofeë | 'n Minimum van 100 punte word vereis om in aanmerking te kom vir spesiale trofee |

**Die volgende balkies (Kleure) is beskikbaar en kan by die kantoor aangekoop word na afloop van die meriete funksie:**

| | |
|---|---|
| Kultuur | Koor |
| Algemene Kennis | Redenaars |
| Bybelvasvra | Multi-Media klub |
| Musiek | Toneelklub |
| Kuns | |

## 5. TOP TOEKENNINGS

Die volgende kultuur trofeë is jaarliks beskikbaar indien daar aan die prestasie kriteria en puntetellings voldoen word op diskresie van die Meriete Komitee: ‘n minimum van 100 punte moet verwerf word om in aanmerking geneem te word vir die volgende trofee:

- Jnr. Kultuur – Gr. 1 - 3
- Snr. Kultuur – Gr. 4 - 5
- Snr Kultuur – Gr. 6 - 7
- **Mees veelsydige leerder:** Die leerder wie buitengewoon betrokke was by interne sport **en** kultuur aktiwiteite en wat ook top prestasies gelewer het. Indien daar meer as 1 leerder kwalifiseer vir hierdie toekenning sal die prestasies in ag geneem word. Die leerder moet aan ‘n minimum van 3 sportsoorte en 2 kultuuraktiwiteite deelgeneem het binne skoolverband.

Die Meriete komitee besit die reg om eie diskresie te gebruik en die komitee se beslissing is finaal.

## 6. PUNTETOEKENNING - INTERNE KULTUUR

Die punte vir interne kultuuraktiwiteite wat deur die skool aangebied word, word bepaal deur die volgende glyskale. Let wel dat elke aktiwiteit hul eie kriteria gebruik om die glyskaal te bepaal. Punte word appart (kumulatief) toegeken vir deelname EN vir prestasies in verskeie kompetisies / geleenthede.

### 6.1 JUNIOR- EN SENIORKOOR

Deelname met 80% bywoning deur die jaar - **10 punte**

| **SUPER 12 (Junior- en Seniorkoor)** | |
|---|---|
| Deelname | 2 |
| Cum Laude | 40 |
| Goud | 20 |
| Silwer | 6 |
| Brons | 5 |

| **ATKV APPLOUS (Juniorkoor)** | |
|---|---|
| Deelname aan streeksuitdunne | 5 |
| Streekswenners | 40 |
| Nasionale wenners | 100 |
| Nasionaal tweede plek en derde plek | 40 (Kleure & Klein ster) |

| **ATKV APPLOUS (Seniorkoor)** | |
|---|---|
| Deelname aan streeksuitdunne | 5 |
| Uitgenooi na nasionale finale rondte vir Meriete & Ope afdeling | 10 |
| Uitgenooi na nasionale rondte vir Prestige afdeling ATKV Applous | 40 (Kleure) |
| Nasionale wenner - Prestige afdeling ATKV Applous | Super Ster |
| Nasionale 1-3 plek vir Prestige afdeling ATKV Applous | 100 (Groot ster) |
| Nasionale wenners Meriete & Ope | 40 (Kleure & klein ster) |
| Nasionaal tweede plek Meriete & Ope | 30 |
| Nasionaal derde plek Meriete & Ope | 20 |

**KUNSWEDSTRYD VIR KORE**

| | **Deelname** | **B** | **B+** | **A** | **A+** | **A++** | **Medalje kategorie wenner** | **Trofeë** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria Eisteddfod | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Centurion Kunstefees | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

**KOORFEESTE / KOOROPTREDES**

| | |
|---|---|
| Deelname aan koorfeeste en konserte | 3 |

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR KOOR**

| | |
|---|---|
| 3 jaar Juniorkoor | Klein ster |
| 4 jaar Seniorkoor | Klein ster |
| 6 jaar aaneenlopende deelname aan kore | Groot ster |
| ***Hierdie toekennings word deur die afrigters gemaak*** | |

| | |
|---|---|
| **Juniorkoor:**<br>Beste vordering Gr 1<br>Beste vordering Gr 2<br>Beste vordering Gr 3 | ● Musiek vinnig aangeleer<br>● Positiewe gesindheid en bydrae gelewer tot koorsang<br>● Sang en gesindheid was deurlopend positief |
| **Seniorkoor:** Beste Sopraan<br>Beste Mezzo Beste Alt | ● Getroue bywoning tydens oefeninge en konserte<br>● Musiek vinnig aangeleer en leiding neem in die betrokke stemparty<br>● Positiewe gesindheid en bydrae gelewer tot koorsang |

### 6.2 GR R TINK-TINKIE KOOR

Deelname met 80% bywoning deur die jaar

| | | |
|---|---|---|
| Deelname | | 20 |

**KUNSWEDSTRYD VIR TINK-TINKES**

| | **Deelname** | **B** | **B+** | **A** | **A+** | **A++** | **Medalje kategorie wenner** | **Trofeë** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria Eisteddfod | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Centurion | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

### 6.3 REDENAARS

| | **Deelname** | **Afdeling wenner 90-100% 1ste A++** | **80-90% 2de Plek A+** | **70-80% 3de Plek A** | **60-70% 4de plek B+** | **50-60% 5de Plek B** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Interne Redenaars** | 5 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **English Orators** | 5 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **ABE Bailey** | 5 | 5 as Top 10 eindig | | | | |
| **Super 12** | 20 | | | | | |
| **Super 12 Finaal** | 20 | 10 | 8 | 6 | 4 | 2 |
| **ATKV (1e rondte)** | 10 | | | | | |
| **ATKV Semi-finaal** | 10 (Ekstra 10 as Gauteng-Noord Top 10) | | | | | |
| **ATKV Landsfinaal** | 10 (Ekstra 10 as Top 10 in land) | | | | | |
| **Kansvatter (1e rondte)** | 10 | | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kansvatter Semi-finaal** | 10 | | | | | |
| **Kansvatter Landsfinaal** | 20 | 10 | 8 | 6 | 4 | 2 |
| **ATKV DigiPRAAT** | 10 | 10 | 8 | 6 | 4 | 2 |

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR REDENAARS**

| | |
|---|---|
| Top 3 van Super 12 finaal | Klein ster |
| Top 3 van ATKV of Kansvatter Landsfinaal | Klein ster |
| ATKV Nasionale wenner | Super Ster |
| Beste Redenaar Gr 1 - 3 | Trofee en klein ster |
| Beste Redenaar Gr 4 - 5 | Trofee en klein ster |
| Beste Redenaar Gr 6 - 7 | Trofee en klein ster |
| Deelname aan Super 12 Redenaars<br>(6 jaar aaneenlopende deelname) | Groot ster |

## 6.4 BYBELVASVRA

| **SUPER 12** | |
|---|---|
| Deelname | 2 |
| Eerste plek | 100 |
| Tweede plek | 40 |
| Derde plek | 40 |
| Vierde plek | 20 |
| Vyfde plek | 10 |
| Sesde plek | 5 |

| **Rapportryers kompetisie vir uitdunrondte** | |
|---|---|
| Deelname aan interne uitdunrondte | 2 |
| Deelname 80% bywoning | 20 |
| 50% - 59% | 4 |
| 60% - 79% | 6 |
| 80% - 89% | 8 |
| 90% - 100% | 10 |

| **Rapportryers Finaal** | |
|---|---|
| Eerste plek | Super Ster |
| Tweede plek | 100 |
| Derde plek | 100 |
| Vierde plek | 20 |
| Vyfde plek | 10 |
| Deelname aan finaal plek 6-10 | 5 |

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR BYBELVASVRA**

| | |
|---|---|
| Eerste plek in die Landsfinaal | Groot ster |
| Naaswenner in Landsfinaal | Groot ster |
| 3 jaar aaneenlopende deelname | Klein ster |
| 4 jaar aaneenlopende deelname | Klein ster |
| ***Hierdie toekenning word deur die afrigter gemaak*** | |
| Bybelvasvra - leerder van die jaar toekenning | ***Hierdie toekenning word deur die afrigter gemaak***<br>● Grootste bydrae gelewer het tot die sukses van die span waarin hy/sy was.<br>● Goeie gesindheid.<br>● Konsekwente bywoning van oefeninge.<br>● Benewens oefentye, selfstandige voorbereiding.<br>● Voorbeeld van goeie spanwerk. |

## 6.5 ALGEMENE KENNIS

| **SUPER 12 Algemene Kennis** | |
|---|---|
| Deelname | 20 |
| Eerste plek | 100 |
| Tweede plek | 40 |
| Derde plek | 40 |
| Vierde plek | 20 |
| Vyfde plek | 10 |

‘n Sertifikaat van verdienste word toegeken aan leerders wat deelneem tot Augustus maand - (20 punte)

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR ALGEMENE KENNIS**

| | |
|---|---|
| 3 jaar aaneenlopende deelname | Klein ster |
| Beste Flinkdinker / Top 6 Super 12 | Super ster |
| ***Hierdie toekenning word deur die afrigter gemaak*** | |
| Die algemene kennis vinnige verstand toekenning | ● Beskik oor ‘n wye algemene kennis<br>● Deurlopende, konstante bywoning<br>● Toon besonderse entoesiasme en leergierigheid oor kennis<br>● Lewer ‘n positiewe bydra en maak ‘n verskil in die Super 12 span |

## 6.6 MULTI-MEDIA KLUB

Leerders ontvang ‘n deelnemer sertifikaat indien hulle die hele jaar deel was van die klub. Hierdie toekenning sal slegs tydens saalopening / vierkantopening ontvang word. ‘n Minimum van 80% bywoning word vereis regdeur die jaar om in aanmerking geneem te word vir enige toekenning **Deelname**: 20 punte

| | |
|---|---|
| 2 Jaar aaneenlopende deelname (Leerders mag 'n maksimum van 2 jaar deelneem, omdat die kurrikulum deur die jaar grootliks herhaal word). | Sertifikaat van verdienste |
| ***Hierdie toekennings word deur die afrigter gemaak*** | |
| Mees veelsydige Multi-Media leerder | ● Leerder presteer puik en blink uit in alle media konsepte regdeur die jaar.<br>● Leerder moet meeste sessies tydens al 4 media kwartale bywoon.<br>● Goeie gesindheid |
| Beste Rekenaarvaardige/Tegniese leerder | ● Beste rekenaarvaardighede tydens Kwartaal 1 (ontwerp op rekenaar) en Kwartaal 4 (Google op rekenaar)<br>● Mees kreatiewe leerder op die rekenaar.<br>● Leerder moet meeste sessies van Kwartaal 1 en Kwartaal 4 bywoon.<br>● Goeie gesindheid. |

| | |
|---|---|
| Mees belowende fotograaf | • Leerder blink uit in Fotografie en Videografie tydens Kwartaal 2 en 3.<br>• Leerder moet meeste sessies tydens Kwartaal 2 en 3 bywoon.<br>• Goeie gesindheid. |

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR MULTI-MEDIA KLUB, KUNSWEDSTRYD OF ADDISIONELE DEELNAME VIR MULTI-MEDIA**

| | Deelname | B | B+ | A | A+ | A++ | Medalje kategorie wenner | Trofeë |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria Eisteddfod | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Centurion | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| DigiKuns | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Afrikaanse Kunsvereniging | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

**6.7 TONEELKLUB**

Deelname sertifikaat word toegeken vir gereelde bywoning van die aktiwiteit. Indien leerders deelneem aan ‘n kunswedstryd-item, word die volgende glyskaal gebruik:
**Deelname**: 10 punte

| | Deelname | B | B+ | A | A+ | A++ | Medalje Kategorie wenner | Trofeë | Gala | Beurswenner |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria Eisteddfod | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | 10 |
| Centurion | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |
| Pierneef Kunstefees | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |
| ATKV deelname | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |
| Departementele kompetisie | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |
| Spring in Talent kompetisie | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR TONEELKLUB**

| | |
|---|---|
| 2 jaar aaneenlopende deelname | Sertifikaat van verdienste |
| ***Hierdie toekennings word deur die afrigter gemaak*** | |
| Beste Junior Toneelspeler | Hierdie toekennings word deur die afrigter gemaak opgrond van bywoning, gesindheid en uitnemende deelname deurlopend |
| Beste Senior Toneelspeler | |

### 6.8 SKOOL KONSERT

Hierdie konsert word elke **3 jaar** deur die skool aangebied.

| | |
|---|---|
| Hoofrol in produksie / konsert | 40 |
| Byspeler / Sangrol in konsert of produksie | 40 |
| Deelname in konsert of produksie | 10 |

### 6.9 KULTUURWEEK GALA-AAND

| | |
|---|---|
| Deelname | 5 |
| Kategorie wenner | 20 |
| Kategorie naaswenner | 20 |
| Uitnodiging en deelname vir Gala-Aand | 40 |
| Kunswenner - buiteblad van leerder huiswerkboekie | 40 |

### 6.10 ELARDUSPARK MUSIEKSENTRUM

Die uitslae van musiekeksamens vir teorie en musiekprakties van leerders van Elarduspark Musieksentrum, word in berekening gebring saam met Eisteddfod en Kunswedstryd uitslae. Die punte word volgens die glyskaal bepaal:

**Voor Gr. 1 – Gr. 3: Unisa**

| | |
|---|---|
| Slaag: 50% - 70% | 5 |
| Eervol: 71% - 80% | 10 |
| Lof: 81% - 94% | 20 |
| Ererol: 95% - 100% | 40 |

**Gr. 4 en Hoër: Unisa**

| | |
|---|---|
| Slaag 50% - 70% | 10 |
| Eervol: 71% - 80% | 10 |
| Lof: 81% - 94% | 40 |
| Ererol: 95%– 100% | 40 |

**Voor Gr. 1 – Gr. 2: Royal Schools en Trinity**

| | |
|---|---|
| Slaag: 65% - 80% | 5 |
| Eervol: 81% - 90% | 10 |
| Lof: 91% - 100% | 20 |

**Gr. 3 en Hoër: Royal Schools en Trinity**

| | |
|---|---|
| Slaag 65% - 80% | 10 |
| Eervol: 81% - 90% | 20 |
| Lof: 91% - 100% | 40 |

**PUNTETOEKENNING: KUNSWEDSTRYD DEELNAME VIR MUSIEK**

Maksimum van 6 kunswedstryd items sal in berekening gebring word. Dit sluit alle kunswedstryde, afdelings en items in.

| | Deelname | B | B+ | A | A+ | A++ | Medalje Kategorie wenner | Trofeë | Gala | Beurswenner |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria Eisteddfod | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | 10 |
| Centurion | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |
| Pierneef | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |
| Afrikaanse Kunsvereniging | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 7 | |

**SPESIALE TOEKENNINGS VIR MUSIEK**

Hierdie toekennings word gemaak op grond van 'n leerder se eksamen en kompetisie (Eisteddfod en Kunswedstryde) uitslae. Om in aanmerking geneem te word vir hierdie toekenning, moet 'n leerder Musiekteorie asook Musiekprakties neem by die Musieksentrum.

- Trofeë vir beste Junior Musiek leerder Gr 1 - 3
- Trofeë vir beste Senior Musiek leerder Gr 4 - 7

**6.11 VISUELE & BEELDENDE KUNS**

| | |
|---|---|
| Werkstuk verskyn in 'n kalender / brosjure wat nasionale publisiteit bied | 40 |
| Wenner van 'n buite-kompetisie asook Departementele kompetisie | 20 |
| Naaswenner van 'n buite-kompetisie | 10 |
| Uitnodiging om by 'n kunsuitstalling kuns uit te stal | 20 |

**PUNTETOEKENNING**

| | Deelname | B | B+ | A | A+ | A++ | Medalje kategorie wenner | Trofeë |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Pretoria Eisteddfod | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Centurion | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| DigiKuns | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| Afrikaanse Kunsvereniging | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
